

15 Augustus - OFFERS

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:1-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:10

Hier word verduidelik dat die Here volgens sy wet in die Ou-Testamentiese erediens offers ingestel het om sy volk sonde-bewus te maak. Deur die voortdurende herhaling van die offers (jaar na jaar) het hulle geleer dat hulle sonde as 't ware elke dag om bevryding roep.

Verder het hulle daaruit geleer dat al die wetlike diere- en graanoffers nooit volkome bevryding van hulle sondes kon bring nie.

Selfs die bloed wat gevloei het, kon onmoontlik die sondes wegneem. Immers, dit was mense wat gesondig het en mensebloed wat eintlik gebring moes word. Daarom hoor ons Christus se getuienis met sy koms in die wêreld dat God nie die offers wat in sy wet voorgeskryf is, wou hê nie, maar die offer van die liggaam wat Hy vir sy Seun gegee het.

Dit is hierdie versoening met God waaraan voldoen moes word, wat die noodsaak van ons Here Jesus se menswording so ten volle verklaar. Die offer van sý liggaam en sý bloed was die volmaakte offer wat God se wil ten volle sou volbring.

So het Christus met sy dood aan die kruis ons vir God afgesonder (letterlik: "geheilig"). Hierdie offer van sy lewe aan die kruis was so volmaak dat dit nooit weer herhaal hoef te word nie.

Wanneer ons aan hierdie offer van ons Here Jesus dink, moet ons elkeen weer deeglik bewus wees van eie, persoonlike sondes voor God. Ons moet diep bewus wees daarvan dat ook dit sy lewensoffer gekos het. Maar net so moet ons bewus wees dat dit die rede is waarom ons lewens vir God afgesonder is en ons elke dag (van jaar tot jaar) in sy heilige teenwoordigheid mag wees om uit diepe dankbaarheid vir Hom die offer van ons hele hart en hele verstand en al ons kragte toe te bring.

Sing: Psalm 51:8 (1936-beryming)

Ds JH Cilliers (Reitz)